# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054

Geaffilieer by NAACCSA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990
E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

---

## NUUSBRIEF 3 / 2014

## MANDJIEDANS

Die mandjiedans vind plaas op 3 Oktober 2014 om 19h00 te die Stoeisaal, Gholfklub teen R50-00 per persoon. Die opskrif is "Jagpakkette te wen vir 2015". Tafels en stoele beskikbaar, bring eie eetgerei. Kontantkroeg en braaipakke beskikbaar.

### JAGPAKETTE TE WEN VIR 2015!!!

Tydens die mandjiedans sal die trekking plaasvind waarin u in aanmerking kom vir die trekking van die volgende jagpakette:

- 1 x koedoe, 'n Blouwildebees en 2 Rooibokke of R6000-00 kontant
- 1 x Blouwildebees en 2 Rooibokke of R4600-00 kontant
- 2 x Rooibokke of R1800-00 kontant.

Ander pryse is ook te wen.

**Akkomodasie beskikbaar by:**

- **Panorama Gastehuis, geleë 3km vanaf Naboomspruit op die bronnepad. Wildbesigtiging, pragtige natuurskoon. Skakel Hendrie by 082 784 1938 of Karin by 082 898 2997.**
- **Andanté, geleë 16km vanaf Naboomspruit vir puik akkommodasie, wild besigtiging en staproetes. Kontak Colleen by 082 854 3534.**

## JAARPROGRAM 2014

| | |
|---|---|
| 13 September 2014 | **Prestige skiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 11 Oktober 2014 | **Sportskiet:** handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders)<br>**Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaar van die Jaar kompetisie en uitstalling. |
| 14 November 2014 | Prestige aand |
| 15 November 2014 | Spanskiet (4 skuts per span) |

**BELANGRIK**

Alle skietaktiwiteite vind te MASADA SKIETBAAN plaas en begin om 08:30. Tydens kompetisies mag net met jaggewere en nie met skyfskietgewere geskiet word nie.

Versamelaars aktiwiteite is van 10:00 tot 11:00. Bring versamelstukke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae met versamelstukke kom skiet.

## PRESTIGE SKIET, Kompetisie skiet met jaggewere – 13 September 2014

### Ons skiet op afstande van:

| | | |
|---|---|---|
| 300m | na Rooibok | (3 skote) lê |
| 200m | na Rooibok | (3 skote) sit |
| 110m | na Val plate | (3 skote) staan |
| 100m | na Vlakvark | (3 skote) skietstok |
| 50m | na Vlakvark | (3 skote) 30 sekondes uit vuis |

Na afloop van die verrigtinge kan u vleis braai en lekker saam met ons kuier. Bring 'n stoel, iets om te drink, vleis en eetgerei.

**Almal is welkom, bring die hele gesin!**

**BAAN OFFISIERE:**

**Ons het baanoffisiere in die Vereniging nodig wat ywerig sal werk en bereid sal wees om een Saterdag 'n maand op te offer om uit te help te Masada Skietbaan. 'n Sertifikaat sal aan u uitgereik word. Kontak die kantoor vir meer inligting.**

**Lief en Leed**

***Ons innige simpatie en meegevoel aan die Henning familie. Oom Poek Henning is onlangs oorlede.***

Oupa Uil

# Jagwenke





PAARSEISOENE, LAM- OF KALFTYD EN SOSIALE GROEPERING VAN VERSKILLENDE WILDSPESIES

Dis belangrik vir die jagter om die verskillende spesies se paarseisoene te ken. Dit sal jou die agtergrond gee om te weet of volwasse ramme / bulle in ram- / bultroppe is, of saam met die ooie / koeie loop. Net so sal kennis van die sosiale groeperings van die verskillende spesies handig te pas kom terwyl jy jag.

PAARSEISOEN, LAM- / KALFTYD EN SOSIALE GROEPERING VAN VERSKILLENDE WILDSPESIES

| SPESIE | PAARSEISOEN | LAM- / KALFTYD | SOSIALE GROEPERING |
|---|---|---|---|
| Blesbok | April–Maart | Nov–Des | Enkelramme, ramtroppe, teeltroppe |
| Blouduiker | Junie–Aug | Jan–Maart | Enkel, pare |
| Blouwildebees | Maart–Mei | Nov–Jan | Enkelbulle, bultroppe of koeitroppe |
| Bontebok | Jan–April | Sept–Feb | Enkelramme, ramtroppe, teeltroppe |
| Bosbok | Mei–Aug | Nov–Feb | Enkel, pare of ooie met lammers |
| Buffel | Maart–Mei | Jan–April | Enkelbulle, bultroppe, teeltroppe |
| Damara dik-dik | Jun–Nov | Des–April | Enkel, pare |
| Duiker | Junie–Julie | Jan–Feb | Enkellopend |
| Eland | Des–Jan | Sept–Okt | Enkelbulle, bultroppe of teeltroppe |
| Kaapse grysbok | Herfs? | Lente | Enkellopend |
| Kameelperd | Heeljaar | Heeljaar | Enkelbulle, bulgroepe, teeltroppe |
| Koedoe | Mei–Julie | Jan–Maart | Enkelbulle, bultroppe, teeltroppe |
| Olifant | Heeljaar | Heeljaar | Enkelbulle, bultroppe, familietroppe |
| Oorbietjie | Mei–Junie | Nov–Des | Enkel, pare of teeltroppies |
| Renoster – swart | Heeljaar | Heeljaar | Enkel, koeie met kalfies |
| Renoster – wit | Heeljaar | Heeljaar | Enkel, klein troppies |
| Rooihartbees | Feb–April | Okt–Nov | Enkelbulle, bultroppe, teeltroppe |
| Rooibok | April–Julie | Nov–Jan | Enkelramme, ramtroppe, teeltroppe |
| Sebra (berg) | Sept–Feb | Sept–Feb | Een of meer hingste, familietroppe |
| Sebra (Burchell) | Jan–Maart | Jan–Maart | Een of meer hingste, familietroppe |
| Springbok | Heeljaar | Heeljaar | Enkelramme, ramtroppe, teeltroppe |
| Steenbok | Heeljaar | Heeljaar | Enkel, pare |
| Swartwildebees | Maart–Mei | Nov–Jan | Enkelbulle, bultroppe of teeltroppe |
| Swartwitpens | Mei–Julie | Feb–April | Enkelbulle, bultroppe, teeltroppe |
| Tsessebe | Jan–April | Aug–Nov | Enkelbulle, bultroppe, teeltroppe |
| Vaalribbok | April | November | Enkelramme, klein troppies |
| Vlakvark | Mei–Julie | Sept–Des | Enkel, familietroppe |
| Waterbok | Heeljaar | Heeljaar | Enkelbulle, bultroppe, teeltroppe |




Hoewel lam- / kalfseisoene oor die algemeen nie binne die tradisionele jagseisoen (in die winter) val nie, kan jag op omheinde plase dwarsdeur die jaar plaasvind, en wil 'n mens nie graag 'n vroulike dier skiet wat nog besig is om 'n lam of kalf groot te maak nie.

***GESKIEDENIS BROKKIE:***



Krico rifles were made in Stuttgart West Germany in the 1960s to early 80s. They were a better class of rifle, and sell for more than the average .22. Most were made in rim fire calibers (.22 LR and .22 Magnums) although there were a few center fire rifles.



Note: In .22LR calibre, the Model 301 has a substantial barrel that would be best described as mid-way between a sporter and a varmint/target rifle. Accordingly, the 301 .22LR should be a good choice for those shooters who primarily want a sporter but one that can also be used for competition purposes, such as BR30 and Field Rifle.



Above: A view of a Model 301 showing the buttsock (with some very nice timber) and closed action. This rifle is optionally fitted with double set triggers.

**Ons herinner al die Toegewyde Jagters om hul jaarverslae in te handig. Daar is slegs Drie geleenthede oor om te kom skiet!**